education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# AFRIKAANS HUISTAAL

## GRAAD 10
## GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL
## VRYSTAAT

**JUNIE 2018** **VRAESTEL 1**

**PUNTE: 70** **TYD: 2 UUR**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 12 BLADSYE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**KUBERAFKNOUERY - DIE MODERNE "SPEELTERREIN" VAN VERWOESTING**

*- Cary-Ann Nell en Retha Kruger*

1 Boelietaktiek is so oud soos die berge self, met die mees bekendste vorm hiervan die geboeliery wat op skoolterreine plaasvind. Maar met die ontstaan van sosiale netwerke het 'n nuwe generasie boelies begin kop uitsteek, die sogenaamde kuberafknouers of kuberboelies. Sosiale netwerke bied nou vir boelies 'n giftiger angel waarmee hulle slagoffers kan afknou. *Instagram, facebook* en *Twitter* is van die sosiale netwerke wat die meeste vir kuberafknouery gebruik word.

2 Kuberafknouery word as die moderne "speelterrein" van verwoesting beskryf omdat hierdie afknouery se emosionele gevolge enorme skade aanrig en dikwels letterlik slagoffers se lewens vernietig. Kuberafknouery, soos enige ander boeliegedrag, is opsetlik en word herhaaldelik en oor 'n lang tydperk op 'n geteikende individu toegepas met die uitsluitlike doel om te intimideer of te verneder.

3 Kuberafknouery is erger as gewone boelietaktiek, want wanneer iemand in die kuberruim geboelie word, is dit in die openbare domein en selfs mense wat jou glad nie ken nie, kan by hierdie afknouery betrek word. Waar speelterreinboelies se aksies baie keer 'n fisiese letsel op die slagoffer laat, laat die gevolge van kuberafknouery 'n diep, emosionele letsel wat die slagoffer se selfbeeld vernietig.

4 Kuberboelies kies sosiale netwerke vir hulle vernietigingswerk omdat dit hulle van 'n groot gehoor verseker en die skade wat hulle aanrig, soveel wyer as net die slagoffer se onmiddellike vriendekring strek. Verder skep hierdie tipe geboeliery ook by die kuberskurk 'n valse gevoel van mag en onaantasbaarheid.

5 "Wat kuberboelies vergeet," sê dr. Jona Gilsbeck van die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvoorkoming (SGM), "is dat hulle een van die artikels van die Suid-Afrikaanse Handves vir Menseregte oortree wanneer hulle iemand op sosiale netwerke afknou. Die straf by skuldigbevinding hieraan is verpligte gemeenskapsdiens." Die SGM het in 2009 navorsingsresultate beskikbaar gestel wat getoon het dat slegs 29% van kuberboelies sedert 2006 suksesvol vervolg is en dat net ongeveer 61% van alle gevalle van kuberafknouery by owerhede aangemeld word.


6 Interessante feite wat na afloop van verskeie studies oor kuberafknouery aan die lig gekom het, sorg vir interessante leesstof. Navorsing toon byvoorbeeld dat die meeste kuberboelies deesdae meisies is. Kuberboelies teister slagoffers enige tyd van die nag of dag, alhoewel dit meer gedurende naweke en vakansies gebeur. "Kuberboelies is gewoonlik self die een of ander tyd geboelie," sê Delmaine Kruger, 'n navorser wat aan een van die navorsingsprojek deelgeneem het. "Kuberafknouery is op sy ergste tussen leerders van graad 6 tot 9. Soos wat 'n kuberboelie egter ouer word, raak die styl en taktiek waarmee daar geboelie word meer gesofistikeerd."

7 Die grootste uitdaging in die vermindering van die voorvalle van kuber-afknouery is die feit dat dit weens 'n tekort aan duidelike, wetlike riglyne moeilik is om te reguleer en omdat daar in baie huishoudings nie ernstig ag geslaan word op dit wat kinders wat op sosiale netwerke doen nie. Ongelukkig beteken só 'n anderpadkykery gewoonlik dat die vergryp aan kuberafknouery voortduur of dat die bullebak astranter raak en nog meer slagoffers kies.

[*Aangepas en verwerk uit verskeie internet- en tydskrifartikels*]

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[*Aangepas uit Gagle.com*]

**VRAE TEKS A**

1.1 Wat is volgens paragraaf 1 die bekendste vorm van emosionele afknouery? (1)

1.2 Watter drie sosiale netwerke word volgens die teks die meeste vir kuberafknouery gebruik? (3)

1.3 Wat is die verband tussen die speelterrein van gewone skoolboelies en en dié van kuberboelies? (1)

1.4 Kuberafknouery toon volgens paragraaf 2 sterk ooreenkomste met ander gewone boeliegedrag.

1.4.1 Lewer kommentaar oor bogenoemde opmerking deur na enige TWEE ooreenstemmende kenmerke van kuberafknouery en gewone boeliegedrag te verwys. (2)

1.4.2 Verduidelik waarom gewone skoolterreinafknouery dikwels makliker as in die geval van kuberafknouery raakgesien kan word. (2)

1.5 Hoe sluit die onderstreepte inligting in paragraaf 4 aan by die inhoud van paragraaf 3? (2)

1.6 Sê in jou EIE WOORDE onder watter wanindrukke ‘n kuberboelie dikwels volgens paragraaf 4 verkeer? (2)

1.7 Wat is die doel met die insluiting van die statistiek soos in reël 30-32 van paragraaf 5 aangetref? (2)

1.8 Lug jou mening oor die straf wat iemand opgelê kan word wat aan kuberafknouery skuldig bevind word. (1)

1.9 Watter ENKELE feit oor kuberafknouery of kuberboelies wat uit die navorsigsprojekte in paragraaf 6 gespruit het, was vir jou die interessantste? Verduidelik ook waarom. (2)

1.10 Om kuberafknouery hok te slaan is volgens paragraaf 7 nie so maklik nie.

1.10.1 Hoekom maak beleidsmakers dit moeilik om voorvalle kuberafknouery te verminder? (1)

1.10.2 Evalueer die gepastheid van die woord “anderpadkykery” binne die konteks van paragraaf 7 deur na die rol van ouers te verwys wanneer dit by die voorkoming van kuberafknouery kom. (1)

**VRAE TEKS B**

1.11 Skryf die sin uit hierdie teks neer wat ’n voorbeeld van kuberafknouery kan wees. (1)

1.12 Op watter sosiale netwerk het die pa en sy seun besluit om standpunt teen kuberafknouery te neem? (1)

1.13 Waaruit kan die leser aflei dat hierdie seun se poging om sy boodskap teen kuberafknouery oor te dra suksesvol was? (3)

1.14 Verduidelik waarom die woord “weermag” in hierdie visuele teks effektiewe woordgebruik is. (2)

**VRAE TEKS A EN TEKS B**

1.15 Herlees paragraaf 4 van Teks A en dui aan in watter opsig die ONDERSTREEPTE sin in Teks B daarmee verband hou. (1)

1.16 In watter opsig weerspreek die pa se optrede in Teks B die opmerking wat in paragraaf 7 van Teks B oor huishoudings gemaak word? (1)

1.17 Waarin, dink jy, lê die trefkrag van hierdie visuele teks? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE wenke** oor hoe om kuberafknouery reg te hanteer.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**HANTEER KUBERTEISTERING SÓ**

*- Trish Goosen*

Die *Cyber Bullying Research Center* het in 2016 sowat 4 500 skoliere ondervra en 34% van dié kinders het erken dat hulle al deur ’n kuberboelie afgeknou is. In die lig van hierdie skokkende statistiek is dit belangrik dat ouers hulle kinders leer hoe om boelies in die kuberruim te hanteer.

Wanneer kinders op sosiale netwerk geteister word, is hulle eerste reaksie om op dié teistering te reageer. Al is die versoeking hóé groot om iets terug te sê, is die eerste stukkie raad: ignoreer die boelie. En deur stil te bly, maak jy jouself ook skuldig aan boeliegedrag nie.

’n Klaer sal in geen hof sukses behaal sonder bewyse van vermeende teistering nie. Enige bewyse van boeliegedrag soos *WhatsApps* of SMS’e moet gestoor word sodat dit dadelik beskikbaar is. Hou byvoorbeeld skermskote van webbladsye. Die bewyse moet ook aan ’n verantwoordelike familielid van die boelie gestuur word. Kinders behoort ook ingelig te word watter professionele kenners hulle kan nader indien hulle oor die teistering wil praat, soos byvoorbeeld die skoolsielkundige of ’n geestelike leier.

Boeliegedrag raak met verloop van tyd aggressiewer. Dus moet kinders leer om kuberafknouery onmiddellik aan te meld sodat dit in die kiem gesmoor kan word. Hoe langer kuberboelies kans gegee word om hulle vernietigingswerk voort te sit, hoe meer selfvertroue kry hulle.

Kuberteistering met onvanpaste boodskappe van byvoorbeeld ’n seksuele aard of dreigemente van aanranding moet onverwyld by die polisie aangemeld word. In baie gevalle kan die kuberboelie krimineel vervolg word.

Kinders opgelei word in verantwoordelike internet- en sosiale mediagebruik. Alles wat hulle aanlyn publiseer, kan teen hulle gehou word en weerspieël hulle karakter aan die wêreld. Laastens: leer kindersom versigtig te wees met wie hulle op sosiale media vriende maak.

*[Aangepas uit https://jougesin.solidariteit.co.za/hanteer-jou-kind-se-kuberboelie]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie **(TEKS D)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




<u>Ballade</u>

vir 'n Enkeling

Kom skuur skouers
met <u>beroemde</u> akteurs
van die Afrikaanse filmbedryf
by die <u>eerste vertoning</u>
van hierdie rolprent.
Ballade vir 'n Enkeling is die
storie van liefde wat nooit
moed opgee nie.
Slegs by uitgesoekte Ster-
Kinekor-teaters

*Kom geniet 'n glasie vonkelwyn*
*en kry die geleentheid om 'n*
*ongelooflike prys te wen!*

*Die geleentheid van 'n leeftyd!*

21 Maart: Tygervallei
22 Maart: Somerset-Mall
28 Maart: Cape Gate

4 <u>nm</u> - 5 nm & 7 nm - 8 nm

*[Aangepas uit www. movies.com]*

3.1 Tot watter woordsoortgroep behoort die onderstreepte woord in reël 1? (1)

3.2 Skryf die soortnaam in reël 2 se verkleiningsvorm neer. (1)

3.3 Verduidelik binne konteks die konnotatiewe betekenis van die idioom in reël 3. (1)

3.4 Skryf die onderstreepte woord in reël 4 in ’n intensiewe vorm. (1)

3.5 Vervang die onderstreepte frase in reël 6 met EEN woord sonder om die sin se betekenis te verander. (1)

3.6 Herskryf die sin in reëls 8-10 in die ontkennende vorm. (1)

3.7 Haal ’n volsin uit die teks aan wat oorredingstaal bevat. (1)


3.8 Dink jy die prentjies van die akteurs op die plakkaat dra enigsins by tot die sukses van hierdie rolprentadvertensie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 Brei die frase in reël 16 uit tot ’n enkelvoudige sin. (1)

3.10 Skryf die onderstreepte afkorting in reël 20 volledig uit. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT




*[Aangepas uit Mpumalanga-provinsie Vraestel 1 Junie 2017]*

4.1 Verbeter die leestekenfout wat in Raampie 1 voorkom deur die betrokke sin oor te skryf en die korrekte leesteken op die regte plek in te vul. (1)

4.2 Herskryf die woord in Raampie 2 wat tussen hakies geplaas is as 'n abstrakte selfstandige naamwoord. (1)

4.3 Identifiseer die klank wat in raampie 3 tydens uitspraak moontlike ontronding kan ondergaan. Skryf die woord neer en onderstreep die klank wat kan ontrond. (1)

4.4 Skryf die byvoeglike bysin neer wat in raampie 3 voorkom. (1)

4.5 Herskryf die eerste sin van Hägar se woorde in raampie 5 in die indirekte rede. (1)

4.6 Wat impliseer Hägar met sy laaste opmerking in Raampie 5 se spraakborrel? (1)

4.7 Bespreek die funksionaliteit van die ellips/beletselteken aan die begin van die ma se woorde in Raampie 6? (1)

4.8 Helga, die ma, is van mening dat haar man, Hägar, eintlik ’n barbaar is.

Watter bewys vind die leser uit die teks wat haar mening ondersteun? (1)

4.9 Waarin lê die ironie in Raampie 7 opgesluit? (2)

**[10]**

**VRAAG 5: KOERANTBERIG**

**SHAKES SE BAFANA SKUD SOEDAN**

***- Sportredaksie***

1 KHARTOEM – Bafana Bafana het gisteraand hier hul veldtog om vir die Afrika-beker-toernooi te kwalifiseer op die beste denkbare noot afgeskop met ’n sege van 3 – 0 oor Soedan.

2 Die rustydtelling was 0 – 0, maar die Suid-Afrikaners het na rustyd die laaste helfte van die wedstryd oorheers.

3 Sibusiso Vilakazi, wat Tokelo Rantie vervang het, het die eerste twee doele aangeteken. Bongani Ndulula, wat in sy eerste wedstryd vir Bafana gespeel het, het die derde doel minute voor die eindfluitjie aangeteken. Volgens Miasona Baderos, Soedan se afrigter, het sy middelveldspelers van die begin af nie ’n (5.7) .... se kans teen Bafana se snellers gestaan nie.

4 Dit was Shakes Mashaba se eerste wedstryd aan die stuur in sy tweede termyn as afrigter van Bafana Bafana.

5 Bafana pak Nigerië Woensdag in Kaapstad en sou heelwat selfvertroue uit gisteraand se goeie oorwinning geput het. Hulle sal graag weer op die wenpad wil wees.

*[Verwerk uit Beeld, 6 September 2014]*

5.1 Verskaf ’n sinoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

5.2 Op watter manier vind klankweglating plaas wanneer “veldtog” (paragraaf 1) uitgespreek word? (1)

5.3 Hoe noem ’n mens die inwoners van Soedan? (1)

5.4 Skryf ’n byvoeglike bysin uit paragraaf 3. (1)

5.5 Verskaf ’n rede waarom die onderstreepte woord in paragraaf 3 ’n samestellende afleiding is. (1)

5.6 Herskryf die tweede sin van paragraaf 3 in die lydende vorm. (1)

5.7 Voltooi die idiomatiese uitdrukking in paragraaf 3 deur die korrekte ontbrekende woord in te vul. (1)

5.8 Skryf die rangtelwoord in paragraaf 4 neer. (1)

5.9 Skryf “graag” in paragraaf 5 in ’n intensiewe vorm. (1)

5.10 Verskaf ’n gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 5. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**